

BabaGim en outisme

Rita Kotze

Ons het die BabaGim-Instrukteur Rita Kotze in April 2009 ontmoet, kort nadat Noah as binne die outisme-spektrum gediagnoseer is. Rita was ongelooflik ondersteunend en baie tegemoetkomend en het ingestem om die BabaGim-klasse by ons huis in Noah se bekende omgewing te kom aanbied.

BabaGim was wonderlik vir Noah aangesien hy, soos baie kinders binne die outisme-spektrum, ernstige probleme ondervind met motoriese beplanning en sensoriese integrasie. Hy kon dit nie verdra om vasgehou te word nie en was uiters sensitief vir aanraking. Dit was vir hom geweldig ongemaklik om sy hare te laat borsel of om op gras te loop, en ek dink die BabaGim-massering het hom ongelooflik goed gedoen.

Rita het vir Brenda, Noah se oppasser, geleer om die BabaGim-oefeninge te doen en ek dink die daaglikse masserings het 'n groot verbetering in Noah se sensoriese sensitiwiteit en persepsie teweeggebring. Hy het dikwels sy kop teen die grond gekap en skynbaar geen pyn gevoel nie. Deesdae huil hy wanneer hy seerkry, wat bewys dat hy meer bewus is van sy liggaam.

Sy balans het geweldig verbeter en sy motoriese beplanning is ook aansienlik beter. Hy het verskeie kritieke ontwikkelingsvaardighede soos gooi, skop en rol bemeester, wat nie natuurlik kom vir kinders met bioneurologiese uitdagings nie.

Brenda sê sy dink BabGim was wonderlik vir Noah, maar vir haar persoonlik was dit ook 'n besonder positiewe ondervinding. Sy was aanvanklik baie hartseer toe Noah as outisties gediagnoseer is, maar die verbetering wat sy waargeneem het terwyl sy BabaGim toegepas het, het haar gehelp om nie neerslagtig te raak nie. Volgens Brenda het sy uitstekende vaardighede geleer om Noah te hanteer. Sy geniet dit veral om die BabaGim-oefeninge met hom te doen en dit is een van haar gunstelingtye van die dag.

Noah is dol oor BabaGim en spring gereeld op die bed, gereeld vir sy oefeninge. Rita het 'n gawe om met kinders te werk en was fantasties met ons seuntjie. Ek beveel BabaGim met vrymoedigheid aan vir alle ouers wie se kinders spesiale behoeftes of ontwikkelingsagterstande het.

